

# *HOEPHOEP*

*APRIL 2026*

*Jaargang 31(2)*

*Nr. 149*



# KLUBBESTUUR 2026



**Voor: Corrie Venter, Alet Steyn, Lawren Oelofse, Tjaart van der Merwe**

**Agter: Linda Marais, Pieter Labuschagne, Lieske Burger, Lounell White**

## *FROM THE CHAIRMAN'S NEST*

Dear Fellow Bird Enthusiasts.

Welcome to another edition of our BirdLife Wesvaal newsletter. What a wonderful season it has been to be outdoors with binoculars in hand! I often pause and ask myself, what is it that draws us together as a club?

The answer, I believe, goes far deeper than simply ticking species off a list.

At its heart, birdwatching connects us to something truly special. The natural world in all its colour, song, and wonder. Whether you're watching a Malachite Kingfisher (Kuifkopvisvanger) dart across the Mooi River or quietly waiting at a hide as the golden light of a Highveld morning breaks over the veld, there is simply nothing quite like it.

These moments remind us why we do what we do.

Beyond the birds themselves, it is you, our members who make BirdLife Wesvaal worthwhile. Our club outings, bird counts, and workshops are not only about adding to our life lists. It is about friendship, shared laughter, and learning from one another. Whether you are a seasoned birder or someone who has just discovered the joy of that first field guide, your presence enriches us all.



I also want to encourage those who perhaps have not joined us in a while to return. It does not matter if you have been busy or feel a little rusty. Every outing is a fresh start, and every new pair of eyes in the field is a gift to the group.

Yes, life gets busy. Commitments pile up. I however can promise you, an hour in the field with fellow birders will enhance your spirit more than almost anything else on your to-do list. The peace, the mindfulness, the simple joy of nature, is a powerful tonic.

Let us make this term count. Join us, bring a friend, and let us keep building the wonderful community of BirdLife Wesvaal.

Happy Birding to all!

## *BIRDLIFE WESVAAL*

### *Birding Festival 2026*

The third annual BirdLife Wesvaal Birding Festival took place from 20 to 22 March 2026 at the Elgro River Lodge. Building on the success of previous years, it was another memorable occasion.

The planning committee, led by Kobus Fourie of the Elgro Group, finalised all arrangements by January 2026. The programme featured renowned guest speakers, a variety of birding activities, and the exceptional hospitality of Elgro River Lodge. Forty-three guests had secured their reservations before formal advertising even began.



Guests enjoyed two nights of accommodation, meals, and five expert presentations. Activities included a night drive to spot nightjars and owls, morning birding hikes along the river, bird game drives, and bird ringing demonstrations.



## Presentations



### *The Life of Owls*

Geoff Lockwood delivered a captivating presentation on owl behaviour, breeding patterns, and lifecycles. Drawing on decades of research at Delta Park, his illustrated talk was met with great enthusiasm by all guests.

### *Bird Sounds and Identification*

Cassie Carstens, manager of the Secretary Bird Project at BirdLife South Africa, explored how birds produce sound, categories of bird calls, and modern identification methods, including birding apps. BirdLife Wesvaal fully endorses his principled stance, grounded in BirdLife South Africa's ethical guidelines.

### *Wetlands and White-winged Flufftail Conservation*

Dr Kyle Lloyd and Dr Marlize Muller from BirdLife South Africa presented a talk on wetland conservation and the critically endangered White-winged Flufftail (Witvlerkveikuiken). They highlighted ongoing research, the challenges faced by conservation scientists, and the vital role of community involvement. A key message was that ordinary birders and bird clubs contribute meaningfully to scientific research through data, records, and photographs.

## *Bird Migration*

Wet roads and muddy conditions made outdoor activities impossible on Sunday morning. The planning committee moved to an indoor programme.

Geoff Lockwood's second presentation explored the phenomenon of bird migration. Using diagrams, maps, and photographs, he indicated why birds migrate, the distances they travel, how they navigate, and the threats they face. He also highlighted how cutting-edge research technology is shedding new light on these extraordinary journeys.

## **Discussion**

### *Bird Ringing*

The ringing nets opened at 05:00 every morning. Despite weather disruptions, the ringing programme handled 25 individual birds across 13 species.



Pieter du Plessis shared insights on current ringing equipment, methodology, and his research projects across Southern Africa. He captivated the audience with an anecdote about ringing a Pale Chanting Goshawk (Bleeksingvalk) in the Central Kalahari, unaware that a large black-maned lion was feeding on a carcass just a few meters away.

Rita Marais shared the story of her career in ringing, during which she has handled approximately 40,000 birds. A highlight was ringing a Giant Kingfisher (Reuse Visvanger) as a lifer at age 72. This milestone moved the entire room.

The urgent need to grow the number of qualified ringers in South Africa were highlighted in this discussion.

## **Game Drives**

Four game drives were planned for the weekend but due to heavy rains and wet slippery dirt roads the Sunday morning drive was cancelled and an extra presentation was included.

Three vehicles ventured out on a night drive on the first evening. A Western Barn Owl (Nonnetjie-Uil), several Spotted Eagle Owls (Gevlekte Ooruil), and numerous Rufous-cheeked Nightjars (Rooiwangnaguile) were observed and added to the weekend's species list.



Guests were asked to stay on the same vehicle for the day trips as trips were planned in such a way that different routes were covered by the same vehicle. This enhanced the birdwatching experience for guests.



### Hiking trails

Early morning hiking started at 6:00 each morning to enhance guests experience of bird watching by foot.

### Accommodation and meals

Members of BirdLife Wesvaal and other guests would like to thank Kobus Fourie and the Elgro River Lodge team, for their outstanding hospitality, excellent accommodation and hearty meals.

### Citizen Science Contributions

Guests contributed to several citizen science initiatives over the weekend:

- BirdLasser: A total of 213 bird species were recorded, generating 2,808 individual records within a 50-kilometre radius of the lodge.
- SABAP2 Atlassing: Eight pentads south of the lodge towards Vredefort were surveyed. Full protocol cards were completed and submitted.
- Bird Ringing: 25 birds across 13 species were ringed. BirdLife Wesvaal intends to expand this project, given the limited number of qualified ringers currently active in South Africa.

*Pieter Labuschagne*



# KLUBAANDE

## VOËLVASVRAE




BirdLife Wesvaal se byeenkoms op 5 Februarie 2026 was 'n koprap geleentheid. Stephan Terblance het die 40 lede in 4 groepe verdeel en 32 spesies gewys wat uitgeken moes word. Dit was nie 'n maklike taak gewees nie, want benewens die foto's wat uit verskillende hoeke afgeneem is, moes lede ook met 'n stophorlosie meeding wat nie baie tyd vir uitkenning gegee het nie.

Stephan het afgesluit deur belangrike kenmerke van moeilike spesies uit te wys wat baie leersaam was.

Vroeër die middag het Stephan ook 'n werkwinkel oor SABAB2 aan lede aangebied wat baie leersaam was.

## INTERSEKSIE VAN VOËLS EN SKOENLAPPERS IN DIE SUID AFRIKAANSE LANDSKAP.



Vlinders dien as voëlkos, 'n stelling van Reinier Terblanche op Birdlife Wesvaal se byeenkoms van 5 Maart 2026 wat deur 56 lede bygewoon is. Skoenlappers en motte behoort tot die orde Lepidoptera en die larwes dien as voedsel vir verskillende voëlspesies.

Voëls soos die Bruinkopvisvanger (Brown-hooded Kingfisher) eet hoofsaaklik insekte terwyl die Kalahariwipstert (Kalahari Scrub Robin) die vlieënde fase van miere eet. Larwes van beide skoenlappers en motte dien as 'n belangrike proteïnehoud vir die

kuikens van baie voëlspesies.

Die patrone op skoenlapper vlerke het 'n spesifieke funksie soos:

- **Patrone** van ogies op die vlerke wat voëls afskrik
- **Kripsis** – die skoenlapper smelt saam met sy omgewing om sodoende predatore te vermy soos om die vorm van 'n blaar aan te neem



- **Verwarring** – die skoenlapper het 'n valskop met voelhorings en die predator weet dan nie wat die voorkant van die skoenlapper is nie
- **Mimikrie** – skoenlappers boots kleure en patrone van giftige spesies na

Daar is ongeveer 20 skoenlapper spesies wat jaarliks migreer. Een van hierdie spesies, die Brown-veined Whites (*Belenois aurota*) se migrasie begin in die Noord Karoo en suidelike Kalahari en die skoenlappers versprei oor Namibië, Botswana, Zimbabwe en Mosambiek, gewoonlik in 'n Noord-oostelike rigting. Hierdie migrasie vind in die middel somer, gewoonlik in Desember en Januarie plaas. Dit vind meestal net in een rigting plaas wanneer die skoenlappers 'n spesifieke gebied verlaat op soek na voedsel en gedurende hierdie migrasie word eiers gelê om die populasie te vergroot.

Dit is belangrik dat die habitat van skoenlappers bewaar word om te verseker dat die voedselketting gesond bly.

### “Show and Tell”

BirdLife Wesvaal se maandelikse byeenkoms op 9 April 2026 was gewy aan 'n fotokyk geleentheid waar klublede hulle voëlfoto's met klublede kon deel.

Die belangstelling het alle verwagtinge oortref! Elke foto het 'n storie gehad, en elke storie het die gehoor vasgevang. Ongelukkig was die tyd eenvoudig te min gewees om alles in detail te deel. Die bestuur het hiervan kennis geneem, en daar word reeds beplan aan nóg so 'n geleentheid later vanjaar.



Baie dankie aan elke lid wat deelgeneem en sy/haar foto's en stories met die klub gedeel het.

Rikus van der Merwe, 8 jaar oud en ons jongste deelnemer, het met die ondersteuning van Alet Steyn sy voëlsketse vertoon. Hierdie jongman teken voëls uit veldgidse met merkwaardige detail, waardeur hy die unieke eienskappe van elke spesie uitbeeld.

Alet Steyn het foto's van voëls uit Kenia gewys. Voëlspesies wat op die oog af bekend lyk, maar tog subtiel van ons plaaslike voëls verskil.

Whitney van Pletsen het sy foto's gedeel, saam met kosbare stories uit vervloë jare toe die klub nog baie voëls gering het. Hy het verseker 'n aand of twee nodig om al sy stories klaar te vertel!

Simeon Botha, nog op laerskool, het ons op 'n reis deur Namibië geneem waar hy saam met sy ouers getoer het. Sy pragtige foto's van gesogte spesies vorm reeds deel van 'n indrukwekkende voëllys van meer as 250 voëls. Dan is hy ook 'n kranige fotograaf.

Marietjie Ferreira het van haar reise vertel en die besondere voëls wat sy met haar kamera vasgevang het. Baie voëlspesies met haarfyn detail en elkeen met sy eie unieke eienskappe is leer ken.



Stefan Heydenreich is lief vir die Namibië en het met trots sy foto's gewys. Onder andere het hy 'n foto van die Angolasysie (Angola waxbill) gedeel, saam met interessante inligting oor sy soektog na hierdie skaars voëltjie oor jare heen. Sy kundigheid van die natuur en voëllewe kom deur jare se waarneming en ervaring.

Danie Walker, 'n entoesiastiese jongman, het met trots sy foto's gewys. Sy liefde vir voëls, gekombineer met sy passie vir fotografie, maak sy werk werklik besonders. Kleurskemas komposisie en balans speel 'n groot rol in sy foto's.

Lynn van Heerden en Peet van Schalkwyk is 'n gedugte span wanneer dit by video's en aksie foto's kom. Hul geduld, ervaring en unieke opnames van onder andere ratels, Kaapse kobras en Bleeksingvalke (Pale Chanting Goshawks) in die Kgalagadi Nasionale Park was besonders en indrukwekkend. Hulle fotografie talente en passie vir die natuur is prysenswaardig.



Elena en Daleen Visser, BirdLife Wesvaal se bekende tweeling, het die gehoor laat skaterlag. Met humor en pragtige foto's van besondere voëlspesies het hulle van hulle soektog na voëls vertel. Ná dae se soek in die bos, het hulle soms die voëls op die laaste dag reg langs die pad, op pad huis toe, gekry.

BirdLife Wesvaal se klublede beskik oor soveel talente en dankie vir die deel daarvan. Aan die jonger klublede baie dankie vir julle entoesiasme en puik aanbiedings. BirdLife Wesvaal is werklik bevoorreg om julle as aktiewe klublede te hê.

Hou hierdie spasio dop – ons maak beslis weer só!

## DAQUITSTAPPIES

### MARIEVALE NATUURRESERVAAT

Op 21 Februarie 2026 het 16 lede van BirdLife Wesvaal die Marievale Natuurreservaat, 'n vleilandgebied, besoek. Daar is reeds vroegoggend uit Potchefstroom vertrek sodat die uitstappie teen 7:00 kon begin.



Baie voëls, 'n totaal van 63 spesies, is gesien met die Afrikaanse Snip (African Snipe), Bosruiter (Wood Sandpiper) en Afrikaanse Vleivalk (African Marsh Harrier) seker die hoogtepunt.

Die watervlakke was baie hoog en daarom is nie baie waadvoëls gesien nie. Die natuurreservaat word baie goed onderhou en die nuwe aantal voël skuilings het voëlkyk makliker gemaak. Die natuurreservaat is beslis 'n volgende besoek werk maar Lawren het die voorstel gemaak om dit eerder in Augustus of September te besoek wanneer die watervlakke laer is.



# ARTIKELS

## INWONERS VAN DIE VREDEFORT KOEPEL –TERUGKERENDE REISIGERS



Hier by Rosyntjebos, in die Vredefort Koepel, is daar sekere dinge waarop 'n mens kan staatmaak: die vroegoggend stilte, die glans van die son in die vloeiende Vaalrivier... en elke jaar rondom September, die terugkeer van die Witkeelswaels White-throated Swallow (*Hirundo albigularis*).

Hulle arriveer nie met 'n aankondiging nie. Geen groot geraas of dramatiese verskyning nie. Eendag, is hulle net weer

daar – vinnig en grasieus oor die rivier oewer bos, skerp draaie in die lug, asof hulle nooit weg was nie en die sagte gekwetter van die paartjie wat hul nes inspekteer.

### Saam met ons, sonder om te vra

Een van die dinge wat hierdie Witkeelswaeltjies so besonders maak, is hoe gemaklik hulle hul plek langs ons inneem. Teen die muur bokant die deur beskut onder 'n dakrand – daar bou hulle hul klein moddernes, stukkie vir stukkie.



By Rosyntjebos het hulle al gesien hoe die swaeltjies jaar na jaar terugkeer na dieselfde plek, asof dit deel van hul erfenis is. Hulle vra nie veel nie – net 'n bietjie modder, water en 'n veilige omgewing.

### Die lewe in die lug

Die Witkeelswaeltjie is gemaak om te vlieg. Met sy blink blou rug en helder wit keel sny hy deur die lug met merkwaardige presisie. As jy lank genoeg kyk, begin jy hul patrone raaksien – die lae sweef oor water, die skielike draai, die vinnige duik. Elke beweging se doel: kos. Insekte word in vlug gevang, wat beteken hierdie voëltjies help stilweg om die balans in die omgewing te hou.

## Nuwe lewe, elke lente



Met die koms van lente begin die werklike besigheid. Eiers word gelê, en binne weke vul die nes met 'n sagte gepiep. Dis 'n tyd van konstante beweging – ouers wat kom en gaan, kos aandra, waak en versorg. Die broeipaar Witkeelswaeltjies werk nou saam. Die wyfie lê gewoonlik twee tot vier eiers, wat na ongeveer 14 tot 16 dae uitbroei. Albei ouers neem aktief deel aan die versorging van die kleintjies – 'n goed gekoördineerde spanpoging wat bydra tot hul sukses



Sodra die kuikens uitgebroei het, groei hulle vinnig. Binne ongeveer 18 tot 24 dae is hulle gereed om die nes te verlaat en hul eerste vlug te neem. Selfs daarna bly die ouers hulle nog vir 'n kort rukkie voer en beskerm terwyl hulle hul vaardighede in die lug slyp.

In 'n goeie seisoen kan Witkeelswaeltjies twee tot selfs drie broeisels grootmaak – nog 'n rede waarom hul jaarlikse terugkeer so belangrik is vir die voortbestaan van hul

spesie. En dan, amper te vinnig, is dit verby. Die kleintjies neem hul eerste vlug – onseker, maar instinktief seker.

## 'n Reis wat ons nie sien nie

Wanneer die winter sy houvas kry, sal hierdie Witkeelswaels weer noordwaarts vertrek, na warmer dele van Afrika. Hulle verdwyn stilweg uit ons wêreld – en tog oorleef hulle 'n lang, gevaarlike reis.

Wat Nicolette elke jaar tref, is die gedagte dat dieselfde voëltjies weer terugkeer. Nie net na Suid-Afrika nie, maar **NA** Rosyntjebos – na dieselfde nes vir die afgelope vyf jaar.



Hul gebruik dieselfde nes jaar na jaar met 'n bietjie opknop en vernuwings werk en selfs een jaar waar die blouape skade aan die nes aangerig het, het die Witkeelswaels hul nes op presies dieselfde plek, modder bolletjie vir modder bolletjie, herbou.

## 'n Stil belofte

Vir Nicolette het die Witkeelswaeltjies van Rosyntjebos iets meer geword as net voëls. Hulle is 'n teken dat die siklus van die natuur aanhou, dat daar nog ritme en orde is, selfs in 'n veranderende wêreld. Hulle herinner 'n mens daaraan dat terugkeer moontlik is.



## Hou dop

Volgende keer as jy weer in die somer in die Koepel kuier, kyk op. Luister vir die sagte gekwetter, volg die vinnige beweging oor die water. Want dalk kyk jy nie net na 'n swaeltjie nie...

...maar na 'n ou bekende wat weer sy pad huis toe gevind het.

### **Feiteboks: Bedreiging, bewaring en hul rol in die natuur**

#### **Bedreigings**

- Verlies van geskikte broeiplekke, veral deur ontwikkeling en veranderinge aan geboue
- Gebruik van plaagdoders wat hul voedselbron (insekte) verminder
- Klimaatsverandering wat migrasiepatrone en broeitye kan ontwig
- Natuurlike roofdiere en versteuring by neste

#### **Bewaring**

- Witkeelswaeltjies word tans as nie bedreig beskou, maar hul voortbestaan hang af van 'n gesonde omgewing
- Die beskerming van oop waterbronne en modderige areas is belangrik vir nesbou
- Minder gebruik van chemiese plaagdoders help om hul voedselvoorraad te beskerm
- Deur neste by huise en geboue te respekteer en nie te verwyder nie, kan mense direk bydra tot hul oorlewing

#### **Hul rol in die natuur**

- Help om insekte, insluitend peste, natuurlik te beheer
- Dra by tot die balans van die ekosisteem
- Dien as aanwyserspesie – hul teenwoordigheid wys op 'n gesonde, lewenskragtige omgewing
- Deel van 'n groter migrasienetwerk wat ekosisteme oor Afrika verbind

*Nicolette van Brakel*

## **AUSTIN ROBERTS – ORNITHOLOGIST & ZOOLOGIST**

**03.01.1883 – 05.05.1948**

Austin Roberts was born in Pretoria to (Archdeacon) Rev. Alfred Roberts & Marianne Roberts (nee Fannin) – Naturalist and Flower artist.

In 1891 Rev. Alfred Roberts was appointed to the Anglican Church, Potchefstroom.

Austin was 9 years old and very interested in birdlife. He became friends with Thomas Ayres (1828 – 1913) who taught him to skin birds and small mammals and to study birds systematically. Austin caught his first bird – a Griffon Vulture at the now Station area.



Austin first worked as a Clerk of the Standard Bank, Potchefstroom (1901 – 1903) – the Standard Bank stood in front of the old Anglican Church at 166 Walter Sisulu (Kerk Str) – Wandellaan. Thereafter, he worked in the Dept. of Inland Revenue in Potchefstroom, then transferred to Pretoria and Wolmaranstad. In April 1906 he enlisted as a Trooper in John Roysten’s Irregular Regiment. In August 1906 the Unit was demobilised. He then worked for the Dept. of Agriculture until December 1907 – and joined the Natal Militia as a Trooper.



In 1910 he was employed at the Transvaal Museum as a temporary Zoological Assistant. In 1913 he was given a permanent position in the Museum in charge of the Bird and Mammal Collection.

In 1914 he married Dora. C. Cooper with whom he had 3 sons and a daughter. He collected 30 000 birds and 13 000 mammals in his lifetime. He battled all his life for promotion due to a lack of academic qualifications. Early in 1948 he was offered a post at the Queen

Victoria Museum in Salisbury (Harare) but unfortunately died in a car accident in Lusikiski, Transkei and is interred in the Rebecca Str Cemetery in Pretoria.

He is better known for his “Birds of SA” – first published in 1940 “The Mammals of SA” - was published posthumously in 1951, 7<sup>th</sup> Edition in 2005

*Roy Byers*

## KORINGVOËLS

Die bekende Koringvoël (White-browed Sparrow-Weaver) het drie subspesies naamlik; *Plocepasser mahali mahali* wat hier by ons voorkom, *P. m. ansorgei* wat in die noordelike dele van Namibië en Botswana voorkom en *P. m. pectoralis* wat in die noorde van Zimbabwe en in Mosambiek voorkom,

### ***Plocepasser mahali mahali***

Hierdie subspesies met hulle kenmerkende neste het ‘n wye verspreiding in Suid-Afrika. Die neste word gewoonlik in doringbome gemaak maar hulle maak ook neste in uitheemse bome, soos Bloekom- en Seringbome. As gevolg van hierdie feit het hulle verspreidingsgebied na die Hoëveld van die Vrystaat en Mpumalanga uitgebrei. Die voëls se bors is wit en sonder opvallende vlekke.





### ***Plocepasser mahali ansorgei***



Hierdie subspesies verskil nie veel van die een wat hier by ons voorkom nie, behalwe dat die vlekke op die bors baie duidelik is. Hulle neste lyk ook dieselfde.

### ***Plocepasser mahali pectoralis***

Hierdie subspesies verskil heelwat van bogenoemde twee. Die voëls is kleiner en hulle rug is rooibruin. Net soos by *Plocepasser mahali ansorgei* is die vlekke op die bors van hierdie subspesies baie duidelik. Hulle maak hoofsaaklik in mopanibome nes en die neste is ook kleiner as bogenoemde twee subspesies se neste.



### ***Tommie Drinkwater***

## KOESTERS

Die Gewone Koester (African Pipit) kom byna oral voor en word maklik raakgesien. Die Vaalkoester (Buffy Pipit), Donkerkoester (Plain-backed Pipit), Nicholsonkoester (Nicholson's Pipit) word ook dikwels gesien. Die klublede wat in Desember 2023 die naweekuitstappie na Verlorenkloof meegemaak het, het laasgenoemde daar gekry. Ander koesters is 'n uitdaging om te sien.



Donkerkoester



Gewone koester



Vaalkoester



Boomkoester

Die Boskoester (Tree Pipit) kom net in die buurstate noord van Suid-Afrika en die Bergkoester (Mountain Pipit) kom grootliks in Lesotho voor. Enkele Boomkoesters (Tree Pipits), Goudkoesters (Golden Pipits) en Rooikeelkoesters (Red-throated Pipits) kom soms as swerwers na Suider-Afrika.



Goudkoester



Gestreepte Koester

Tommie het in Januarie 2026 saam met 'n groep voëlkykers en onder leiding van Etienne Marais na voëls in Lesotho gaan kyk. Die hoofrede hiervoor was om die Bergkoester te sien. Hulle het Lesotho by Caledonspoortgrenspos, naby Fouriesburg,



binnegegaan en in die rigting van Oxbow en Afriskigery. Op die eerste bergreeks by 'n plek waar Etienne voorheen Klipkoesters (African Rock Pipit) gesien het, het hulle stilgehou. Die Klipkoesters was weer daar en Tommie het sy eerste lewensling (lifer) vir die toer gesien. Daar was 'n mannetjie en 'n wyfie en een van hulle het soms rustig op die reëling langs die pad gesit. By tye het beide tussen die plante agter die reëling gewei. Tommie het al verskeie kere by verskillende lokaliteite na hierdie koester gaan soek, maar was elke keer onsuksesvol – drie keer in die Karoo Nasionale Park.

Die Bergkoester was baie moeilik om te sien, want hulle was tussen kniehoogte bossies en gras. Tommie kon wel een wat in die verte op 'n rots gesit het, deur Etienne se "scope" sien. Wat interessant was om te sien, was dat die mannetjies van hierdie koester baie hoog in die lug opgevlieg het en dan in 'n reguit lyn af grond toe gesweef het – net soos 'n Klappertjie. (Clapper Lark).

Tommie moet nog die Bosveldkoester (Bushveld Pipit), Kortstertkoester (Short-tailed Pipit), Geelborskoester (Yellow-breasted Pipit) en Rooikeelkoester (Red-throated Pipit) sien. As swerwer het laasgenoemde nog net by 'n paar plekke in Suider-Afrika voorgekom.

*Tommie Drinkwater*

## VOËLKYK NAWEEK



Corrie Venter, Lieske Burger, Mariaan Breed en Petro Schutte het die voëlkyk naweek, aangebied deur die Wesrand se Ereveldwagters, van 12 tot 15 Februarie bygewoon.

Hulle het vooraf een nag in Kaapsehoop oornag en daar saam met 'n gids voëls gekyk. Kaapsehoop is op die eskarpment met mooi uitsigte oor die Laeveld. Verskeie woud en vogtige grasveld voëls is gesien.

Hulle oorspronklike plan was om by Pafuri grenskamp in die noorde van die Kruger Nasionale Park te bly, maar vanweë die vloede wat die park einde Januarie getref het, is die kamp na Pretoriuskop kamp in die suide van die park geskuif. Hulle het ook vier nagte in Berg en Dal kamp gebly wat ook baie lekker was.



Andy Branfield, 'n ere veldwagter het die agt voëlkykers op die veldvoertuig met sy kennis verryk en geïnspireer. Die voordeel van so 'n naweek is dat 'n mens buite normale hek tye die natuur in al sy prag kan beleef. Die ritte begin 4:00 en dan is almal so teen 14:00 terug in die kamp wat later opgevolg word deur 'n skemerkelkie en 'n nagrit.



Monnikaasvoëls en Witrugvoëls by 'n karkas

Die hoogtepunt van die naweek was om ongeveer 30 van die krities bedreigde Monnikaasvoëls (Hooded Vultures) by een karkas te sien. Ander hoogtepunte was die Visvalk (Osprey), verskeie Europese Boomvalke (Eurasian Hobby's) en die nagritte se hoë aantal Afrikaanse Naguile (Fiery-necked Nightjars), Laeveldse Naguile (Square-tailed

Nightjars) asook Gevlekte Ooruile (Spotted Eagle-Owls). Daar is 167 spesies aangeteken vir die tydperk.

*Lieske Burger*

## PROJEKTE

### VALKIETELLING





Saterdag 7 Februarie 2026 het nege persone van BirdLife Wesvaal by die Gekombineerde Skool Ventersdorp, valkies getel. Lede het reeds 05:00 by die skool bymekaargekom en stelling ingeneem om die boom waarin die valkies oornag. Op pad na die boom, het die Hadedas soos gewoonlik eerste uitgevlieg

en daar kon nie in die donker vasgestel word hoeveel valkies saam uitgevlieg het nie. 'n Totaal van 1004 valkies is getel.

Hentie het almal by haar huis bederf met kolwyntjies, koffie, waatlemoen en nog baie ander lekker eetgoed.



# Verwarrende spesies

	<b>Breëkoparend Martial Eagle</b>	<b>Swartborsslangarend Black-chested Snake Eagle</b>
<b>Grootte</b>	78 - 86cm	63 - 68 cm
<b>Vlerk-span</b>	1,9 - 2 ,4 m	1,8 m
<b>Kop</b>	Kop het 'n effense kuif	Geen kuif
<b>Bors</b>	Donker vlekke op die onderste gedeelte van bors	Onderste gedeelte van bors is wit
<b>Bene</b>	Vere op die bene	Bene slegs skubbe sonder vere
<b>Kleur onder die vlerke</b>	Ondervlerke is swart is vlug	Ondervlerke is wit in vlug
		

# VOORBLAD



Die Bosloerie (Narina Trogon) is 'n ontwykende voël wat nie maklik raakgesien word nie deels omdat hierdie voëls se groen kleur goed saamsmelt met die blare van bome in digte boomveld. Bosloeries sit ook gewoonlik met hulle rug na 'n voëlkyker wat kamoeflering verhoog en dit nog moeiliker maak om dié voël maklik raak te sien.



Geslagsdimorfisme kom by hierdie voëls voor wat beteken dat die mannetjies en wyfies van mekaar verskil. Die mannetjie het 'n helderrooi onderkant terwyl die wyfies se onderkante 'n ligter rooi is wat amper bruin vertoon.



Die Bosloerie het 'n lang stert met korter vlerke wat die voël in staat stel om in die digte woude rond te vlieg. Vlug is gewoonlik kort en direk en beweging is stil wat dit nog moeiliker maak om die voëls raak te sien. Die bekke is sterk, helder geel met 'n wye gaping wat dit geskik maak om insekte en motte in vlug te vang.

Voorbladfoto verskaf deur

Willie Victor

## FOTO'S EN BYDRAE

Alle voël foto's en bydrae is verskaf deur lede van BirdLife Wesvaal met gepaste bronne waar gebruik. Die Bestuur sê dankie vir julle bydrae om die Hoephoep interessant te maak.

